



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2016**

**MEMORANDUM**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
1.1	“multisportbyeenkoms” <i>(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)</i>	1	2
1.2	internasionale	1	3
1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 31 (keer)</li> <li>• Een en dertig (keer)</li> </ul> (Enige EEN)	1	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• atletiek</li> <li>• swem</li> <li>• skerm</li> <li>• gimnastiek</li> </ul> (Enige EEN)	1	1
1.5	Skaak was nog nooit deel van die Spele nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 4 (afdelings)</li> <li>• Vier (afdelings)</li> </ul> (Enige EEN)	1	1
1.7	Sewes-(rugby) ✓ en gholf ✓	2	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is moeilik om wintersportsoorte/ski/yshokkie in die somer te beoefen.</li> <li>• Vir ski/yshokkie</li> </ul> (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.9	(In) Rome <i>(Aanvaar indien hele sin aangebied word)</i>	1	1
1.10	(Aan die) marathon <i>(Aanvaar nie hardloop of atletiek nie)</i>	1	2
1.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gewone mense sal besef dat gestremdes ook sukses kan behaal/uitblink/goed doen (as hulle hard werk/oefen).</li> <li>• Gewone mense kan sien dat gestremde mense ook persone is met gevoelens en drome.</li> <li>• Gewone mense kan besef dat gestremdes nie bejammer wil word nie.</li> <li>• Gewone mense kan besef dat gestremdes ook talente het/ook kan deelneem.</li> <li>• Gewone mense kan die gestremdes respekteer.</li> <li>• Gewone mense kan sien en leer hoe gestremdes dinge doen.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4

1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is nie regverdig dat jong atlete teen volwasse atlete deelneem nie/dis net regverdig.</li> <li>• Jong atlete het nie dieselfde ervaring as volwasse atlete nie.</li> <li>• Jong atlete is nie so sterk soos volwasse atlete nie.</li> <li>• Jong atlete kan nie die druk van kompetisie so goed soos volwasse atlete hanteer nie.</li> <li>• Om jong atlete aan te moedig om hard te werk aan hulle talent/voor te berei vir die Olimpiese Spele. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Die Olimpiese Spele) word elke 4 jaar gehou.</li> <li>• (Die Olimpiese Spele) word elke vier jaar gehou. (Enige EEN)</li> </ul>	1	2
1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• dit kos baie geld om die Spele aan te bied.</li> <li>• B dit kos baie geld om die Spele aan te bied. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.15	eenheid	1	3
1.16	Al die lande wat deelneem, het ten minste een van hierdie <b>kleure</b> in hul eie vlae. <i>(Geen punt indien kleure verkeerd gespelt word nie)</i> (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	1
1.17.1	Engels en Frans	2	1
1.17.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die meeste toeskouers gaan uit daardie land kom/die meeste mense verstaan dit/sodat almal kan verstaan.</li> <li>• Dit toon respek teenoor die mense van die land waar die Spele gehou word.</li> <li>• Ander kan iets van die land leer/die taal hoor.</li> <li>• Dit maak die organisasie van die Olimpiese Spele makliker.</li> <li>• Dit maak kommunikasie makliker.</li> <li>• Die land reël die Olimpiese Spele.</li> <li>• Dit laat die mense van die land tuis/trots voel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
1.18	“skouspelagtige”/“skouspelagtig” <i>(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)</i>	1	2
1.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• goue</li> <li>• B goue (Enige EEN)</li> </ul>	1	2

1.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die deelnemers probeer vinniger hardloop, hoër spring en sterker wees/dit motiveer die deelnemer.</li> <li>Elke deelnemer probeer wen/(beter as die ander) presteer.</li> <li>Dit dui op die aktiwiteite/sportsoorte by die Olimpiese Spele.</li> <li>Dis 'n opsomming van die doel van die Olimpiese Spele. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
1.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie almal kan altyd wen nie.</li> <li>Deelname aan sport is goed vir mense se gesondheid.</li> <li>Dit bevorder goeie spangees/sportmanskap.</li> <li>Dis 'n prestasie/eer om te kwalifiseer/deel te neem.</li> <li>Dis 'n goeie/verrykende ervaring.</li> <li>Atlete geniet dit om deel te neem, al wen hulle nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>24</b>	

**TEKS B: VISUELE TEKS**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>“Apple”</li> <li>“Google”</li> <li>“Microsoft”</li> <li>“amazon.com”</li> <li>“IBM”</li> </ul> (Enige EEN) <i>(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)</i>	1	3
1.23	inkopie-bedryf	1	3
1.24	<ul style="list-style-type: none"> <li>(Met) 4 (%)</li> <li>(Met) vier %)/(persent)</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
1.25	Toyota	1	3
1.26	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>hoe die produkte se waarde van 2014 na 2015 verander het.</li> <li>D hoe die produkte se waarde van 2014 na 2015 verander het.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
1.27	<ul style="list-style-type: none"> <li>Daar is baie prentjies/simbole/grafika/illustrasies.</li> <li>Daar is min woorde.</li> <li>Daar is meer prentjies/simbole/grafika/illustrasies as woorde.</li> <li>Die prentjies/simbole/grafika/illustrasies gee vir jou die inligting.</li> <li>Jy kan die inligting sien/jy lees nie hierdie teks nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>6</b>	
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>		<b>30</b>	

## AFDELING B: OPSOMMING

### NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

### LET WEL:

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie geenaliseer word nie.
- **Nasien:**
  - Elke feit moet sin maak.
  - Daar moet 'n sinvolle werkwoord in elke sin wees.
  - Sien net die eerste feit na indien 'n feit twee keer geskryf word.
  - Indien twee verskillende feite by een punt genoem word, word net die eerste feit nagesien.
  - Dui direkte aanhalings met 'n **A** aan.
  - Verkeerde spelling word nie geenaliseer nie, solank die betekenis duidelik is.
  - Sodra daar een of meer aanhaling is, ignoreer die blokkie oor die toekenning van taalpunte en gebruik die blokkie oor aanhalings.

**VRAAG 2: HOE OM WATER TE BESPAAR**[Verwerk uit [Rainharvest.co.za](http://Rainharvest.co.za)]

	<b>TEKS</b>	<b>VERWAGTE ANTWOORDE</b>
1.	Ons land het nie baie water nie. <b>As daar stukkende krane en pype by jou huis is, moet dit dadelik reggemaak word. Só sal jy help om water te bespaar.</b>	Maak (stukkende) krane en pype (dadelik) reg. <b>OF</b> Moenie druppende krane en pype net so los nie.
2.	Almal moet saamwerk om water te bespaar. <b>Draai krane altyd goed toe nadat jy dit gebruik het.</b> Wanneer krane nie goed toegedraai word nie, loop daar kosbare water weg.	Jy moet krane goed toedraai (nadat jy dit gebruik het).
3.	<b>Tap net genoeg water in 'n beker om jou tande te borsel.</b> As jy die water laat loop, mors jy onnodig. Jy help dan nie om water te bespaar nie.	Moenie die kraan laat loop terwyl jy tande borsel nie. <b>OF</b> Jy moet <b>net genoeg</b> water tap om jou tande te borsel. <b>OF</b> Gebruik <b>'n beker</b> om jou tande te borsel.
4.	<b>Dit is verkeerd om die kraan te laat loop terwyl jy water drink. Tap eerder water in 'n glas of beker wanneer jy water wil drink.</b>	Moenie die kraan laat loop terwyl jy water drink nie/Draai die kraan toe nadat jy water getap het. <b>OF</b> Drink water uit 'n glas of beker.
5.	Wanneer jy net 'n bietjie skottelgoed of wasgoed was, gebruik jy baie water om die wasbak elke keer vol te tap. <b>Wag dus totdat daar baie vuil skottelgoed en wasgoed is voordat jy dit was.</b>	Was baie skottelgoed of wasgoed op 'n keer. <b>OF</b> Moenie bietjies-bietjies wasgoed/skottelgoed was nie.
6.	Wanneer jy 'n tuinslang gebruik, mors jy onnodig water. <b>Gebruik eerder 'n emmer met water daarin om jou motor te was.</b> Jy sal verbaas wees hoeveel water jy bespaar.	Gebruik 'n emmer water om die motor te was. <b>OF</b> Moenie 'n tuinslang gebruik as jy die motor was nie.
7.	As jy water wat jy gebruik het om te bad of skottelgoed te was net laat wegloop, is dit 'n vermorsing van water. <b>Jy kan hierdie water hergebruik om jou plante of jou grasperk nat te gooi.</b>	Hergebruik water uit die huis in jou tuin. <b>OF</b> Gebruik jou vuil badwater of skottelgoedwater in jou tuin.
	<b>GETAL WOORDE = 215 woorde</b> ( ± 200 woorde - Disjunktief)	<b>GETAL WOORDE = 62 woorde</b> (50 – 60/65 maksimum)
<b>TOTAAL AFDELING B: 10</b>		

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES****NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.



**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Families (wat van pizza hou).</li> <li>Mense wat graag pizza eet/wat lui is om te kook. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>(Die opskrif) is groot/in hoofletters/in verskillende lettertipes geskryf.</li> <li>(Die opskrif) is in vetdruk/donker letters/font.</li> <li>Daar is 'n uitroepteken.</li> <li>Dit staan heel bo aan die advertensie.</li> <li>Die woord "Gratis" (trek die leser se aandag). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
3.3	<p>"slegs"</p> <p><i>(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)</i></p>	1	2
3.4	dubbelpunt	1	3
3.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>manipulering.</li> <li>A manipulering. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
3.5.2	jy	1	3
3.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>warm</li> <li>geurig (Enige EEN)</li> </ul>	1	2
3.7	<p>Mening</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit is die adverteerder se opinie.</li> <li>Nie almal stem met die adverteerder saam nie.</li> <li>Daar is nie bewyse dat dit die lekkerste pizzas is nie/daar is lekkerder pizzas in ander winkels. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	6
3.8	Vriendelike diens word deur Bobaas Pizza gelewer.	1	5
3.9	geskree	1	2
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>10</b>	

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
4.1	luister	1	5
4.2	Meneer sê vir Neelsie dat hy sit en slaap. <i>(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)</i>	1	5
4.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die motor se as het gebreek (stang/staaf waarom 'n wiel draai)</li> <li>Die as van die vuur is nog warm. (Oorblyfsel van verbranding)</li> <li>Ek is groter as my broer. (Vergelyking) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
4.4.1	figuurlike	1	3
4.4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hy luister/hoor nie (as Meneer met hom praat nie).</li> <li>Hy gee nie aandag aan wat Meneer vir hom sê nie.</li> <li>Hy ignoreer Meneer as hy met hom praat.</li> <li>Hy is ongehoorsaam.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <i>(Nie afhanklik van vraag 4.4.1 nie)</i>	1	5
4.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sy mond is groot oop.</li> <li>Sy oë is toegeknyp/toe.</li> <li>Sy wenkbroue is gelig.</li> <li>Hy frons/hy het strepies op sy voorkop.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>stokdoof</li> <li>potdoof</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hy skree.</li> <li>Hy raas met Neelsie.</li> <li>Hy is kwaad.</li> <li>Hy praat baie hard.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
4.8	nie belangstel in wat Meneer sê nie.	1	2
4.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>B</li> <li>sarkasties.</li> <li>B sarkasties.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>10</b>	

**VRAAG 5.1: LEESSTUK**

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
5.1.1	eerste	1	3
5.1.2	plas-tiek	1	3
5.1.3	nie	1	3
5.1.4	<b>om plastiek te gebruik</b> <i>(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)</i>	1	3
5.1.5	<b>Ongelukkig</b> <i>(Die woord hoef nie met 'n hoofletter geskryf te word nie.)</i>	1	3
5.1.6	daaglik	1	3
5.1.7	sakke	1	2
5.1.8	in	1	1
5.1.9	Dis ons almal se land; daarom moet almal help skoonmaak. <i>(Penaliseer nie as die kommapunt nie daar is nie)</i>	1	5
5.1.10	Glas, papier en plastiek moet altyd netjies eenkant gehou word. <i>(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)</i>	1	5
5.1.11	ashope	1	3
5.1.12	weer	1	2
5.1.13	nuwe	1	3
5.1.14	jou	1	1
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>14</b>	

**VRAAG 5.2: PRENT**

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESERINGRIGLYNE</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
5.2.1	studeer	1	2
5.2.2	lig	1	2
5.2.3	goeienag	1	2
5.2.4	sukses	1	2
5.2.5	skryfbehoeftes	1	2
5.2.6	moedeloos	1	2
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>6</b>	
<b>TOTAAL AFDELING C:</b>		<b>40</b>	

**AFDELING D: LETTERKUNDE****KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****OF****OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

Kandidate beantwoord SLEGS vrae oor AL TWEE die verhale van óf VRAAG 6 óf VRAAG 7.

**VERHAAL A: “ ’N MAN KOM TUIS” (20)****VERHAAL B: “DIE OOREENKOMS” (20)****OF****VERHAAL A: “TANT NELIE SE VEERPLUIME” (20)****VERHAAL B: “DIE GEHEIM” (20)****VRAAG 6****KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VERHAAL A: “ ’N MAN KOM TUIS” – Chris Barnard**

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
6.1	(Na)Wilgerspruit (toe)	1	1
6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy eerste vrou en kinders is oorlede.</li> <li>• Hy het ver van die huis af gewerk.</li> <li>• Hy het sy gesin net een naweek per maand gesien/Hy het nie by sy gesin gebly nie.</li> <li>• Terwyl hy aan die paaie gewerk het, het hy in ’n tent gewoon/nomadiese lewe gelei.</li> <li>• Hy het paaie gebou (en dit was harde werk).</li> <li>• Hy het in die warm son gewerk.</li> <li>• Daar was baie stof/lawaai waar hy aan paaie gewerk het. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• altyd die beste van sy lewe probeer maak.</li> <li>• C altyd die beste van sy lewe probeer maak. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• ’n klein koffertjie/tassie</li> <li>• ’n paar pakkies/los pakkies</li> <li>• (halwe sakkie) lemoene</li> <li>• ’n paar (dame)skoene</li> <li>• brood</li> <li>• (Enige EEN)</li> </ul>	1	1

6.5	vroeër	1	3
6.6	Gouws wou nie by sy huis afgelaai word nie, want ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• hy wou nie die ontmoeting tussen hom en sy gesin bederf nie/dit sou nie lekker wees nie.</li> <li>• hy en sy gesin het 'n spesiale manier van ontmoeting gehad/die gesin het by 'n ritueel gehou.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
6.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die verteller het Gouws by die bopunt van sy straat afgelaai.</li> <li>• Gouws het met al sy pakkies afgestap huis toe.</li> <li>• Gouws het die pakkies laat val om sy gesin te groet.</li> <li>• Terwyl die gesin die goedjies opgetel het, het die verteller by hulle verbygery.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
6.8.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• ... was entoesiasties oor die lewe.</li> <li>• E ... was entoesiasties oor die lewe.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.8.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... het besef dat daar mense was wat met min tevrede was.</li> <li>• A ... het besef dat daar mense was wat met min tevrede was.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.8.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• ... het die hele tyd besig gebly.</li> <li>• D ... het die hele tyd besig gebly.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.8.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ... was gereed om die man tegemoet te hardloop.</li> <li>• B ... was gereed om die man tegemoet te hardloop.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• dankbaarheid.</li> <li>• B dankbaarheid.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kinders het by die hek gestaan/gesit en wag.</li> <li>• Toe die hond blaf, het die kinders dadelik opgespring/opgekyk/uitgehardloop.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• As jy positief is, maak dit moeilike omstandighede makliker.</li> <li>• Werk is skaars en 'n mens moet bly wees as jy wel kan werk.</li> <li>• As jy positief is, geniet jy jou werk/is jy gelukkig/doen jy jou werk deeglik.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4

6.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hy het Gouws nie geken nie.</li> <li>'n Mens laai nie sommer vreemde mense langs die pad op nie.</li> <li>Rylopers kan gevaarlik wees en jou skade aandoen. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
6.13	<p>NEE, hy was nie ondankbaar nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Gouws het die verteller se aanbod om hom by die huis af te laai, beleefd van die hand gewys.</li> <li>Gouws en sy familie was so bly om mekaar te sien, dat hulle nie aan ander mense aandag gegee het nie.</li> <li>Die hele verhaal handel oor die gesin se spesiale manier van verwelkoming/groet as die man by die huis kom. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
		<b>[20]</b>	

**VERHAAL B: “DIE OOREENKOMS” – Dalene Matthee**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>Omdat Rusoord 'n ouetehuis is (en hulle was al oud).</li> <li>Rusoord was 'n blyplek vir ou mense.</li> <li>Hulle was al oud/oor die sewentig. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>(Hy was) 'n treindrywer/masjinis.</li> <li>Hy het 'n trein bestuur/gedryf. <i>(Aanvaar bestuurder/treinbestuurder)</i></li> </ul>	1	1
6.16	Die een wat eerste sterf, ✓ sal vir die ander een 'n teken kom gee. ✓ (dat daar lewe na die dood is).	2	1
6.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>'n vergelyking.</li> <li>D 'n vergelyking. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.18	on gehoorsaam	1	3
6.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>Willem het gesterf.</li> <li>Jakob het vir Willem gevra om nie te kom spook nie.</li> <li>Toe Jakob een aand om vyf uur whisky wou drink, wou die bottel nie oopdraai nie.</li> <li>Nadat Willem se horlosie halfses geslaan het, het die prop gewoonweg oopgedraai.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
6.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>Willem het by die ooreenkoms gehou.</li> <li>Willem het 'n teken kom gee (dat daar lewe na die dood is).</li> <li>Willem het kom spook/teruggekome. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	3

6.21.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• Dit was ruim en sonnig.</li> <li>• C Dit was ruim en sonnig. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.21.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• Willem is daar oorlede.</li> <li>• A Willem is daar oorlede. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.21.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Jakob het tot laat in die nag daar gebly.</li> <li>• B Jakob het tot laat in die nag daar gebly. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.21.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• Jakob het alleen daar gedrink.</li> <li>• E Jakob het alleen daar gedrink. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• hulle besittings met mekaar gedeel.</li> <li>• B hulle besittings met mekaar gedeel. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.23	Die hele verhaal gaan oor die ooreenkoms tussen Jakob en Willem. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.24	Sy wou (sommer dadelik) iemand anders by Jakob in die kamer plaas. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.25	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Willem het nie dadelik gekom om 'n teken te gee (dat daar lewe na die dood is) nie.</li> <li>• Willem het nie dadelik kom spook nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5

6.26	<p>JA</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die ooreenkoms was tussen hom en Willem.</li> <li>• Hy was te skaam om te sê hy was bang.</li> <li>• Hy was bang hulle sou sê hy is mal/sou hom spot. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)</li> </ul> <p><b>OF</b></p> <p>NEE</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy moes toe alleen met sy vrees vir spoke saamlewe.</li> <li>• Hy het allerhande snaakse dinge gedoen omdat hy te bang was om alleen in die kamer te wees.</li> <li>• Dit is makliker om probleme te hanteer as daar iemand anders is met wie jy daarvoor kan praat.</li> <li>• 'n Mens se probleme lyk altyd groter/erger as jy dit alleen dra. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
		<b>[20]</b>	

**OF**

### VRAAG 7

#### OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker

#### VERHAAL A: “TANT NELIE SE VEERPLUIME” – Henriette Grové

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
7.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Tant Nelie se) resepteboek.</li> <li>• Die boek met die resep vir die veerpluime. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	1
7.2	Ursula se/Haar ouers is dood.	1	1
7.3	ontevrede	1	3
7.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n <b>trouing</b>/die Maré-<b>trouing</b></li> <li>• 'n sluier/stukkie kant</li> </ul>	2	1
7.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• 'n vergelyking.</li> <li>• D 'n vergelyking. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle het sonder toestemming in tant Nelie se goed gekrap.</li> <li>• Hulle wou die (resepte)boek steel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	3



7.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Peet het vir sy ma gevra om met tant Neline oor die boek te praat.</li> <li>• Ursula het ingestem om vir Peet die boek in die hande te kry.</li> <li>• Tant Neline het Peet en Ursula in haar kamer betrap.</li> <li>• Peet het besef dat dit wat hy gedoen het, verkeerd was.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
7.8.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• ... het besef dat 'n mens nie liefde met gunsies kan koop nie.</li> <li>• E ... het besef dat 'n mens nie liefde met gunsies kan koop nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.8.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... die naam van die storie uitgedink.</li> <li>• A ... die naam van die storie uitgedink. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.8.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• ... het nie oor die boek baklei nie.</li> <li>• D ... het nie oor die boek baklei nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.8.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ... wou ten alle koste die beste wees.</li> <li>• B ... wou ten alle koste die beste wees. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Peet vir altyd verloor.</li> <li>• D Peet vir altyd verloor. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Peet het besef dat dit verkeerd was om die boek te steel.</li> <li>• Peet wou nie meer saam met Kit wees nie.</li> <li>• Peet wou nie saam met iemand wees wat net aan haarself dink nie.</li> <li>• Peet het besef dat sy waardes anders as Kit se waardes was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
7.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ursula het nie die dinge vir haarself gedoen nie.</li> <li>• Ursula wou Peet help.</li> <li>• Ursula was dadelik bereid om Peet te help, al het sy geweet dit was verkeerd.</li> <li>• Ursula het vir Peet gehelp, al het sy geweet dat Peet dit doen om Kit se guns te wen. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4

7.12	Hulle kon leer dat ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• ander mense jou kan manipuleer/ompraat om verkeerde dinge te doen.</li> <li>• hoe 'n mens lyk, nie so belangrik is nie.</li> <li>• 'n mens 'n verhouding betyds moet verbreek as jy besef dinge is nie reg nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
7.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy ma het geweet dit was kinderagtig/verkeerd van Peet om so op te tree.</li> <li>• Sy ma wou hom nie help om iets verkeerds te doen nie.</li> <li>• Sy ma het nie van die idee gehou dat Peet hom deur 'n meisie laat manipuleer nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
		<b>[20]</b>	

**VERHAAL B: “DIE GEHEIM” – J van Melle**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
7.14	(By sy) familie	1	1
7.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• probleme gegee het.</li> <li>• D probleme gegee het.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
7.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dou kon sonder dat iemand hom raakgesien het/onopgemerk, die skip verlaat.</li> <li>• Almal het al hul aandag aan Leune gegee (omdat sy langer geneem het om by te kom.)</li> <li>• Die algemene belangstelling was by Leune wat byna verdrink het.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
7.17.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• ... het dadelik op die krisis gereageer.</li> <li>• C ... het dadelik op die krisis gereageer.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
7.17.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• ... was onbewus van die gevaar.</li> <li>• D ... was onbewus van die gevaar.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
7.17.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ... het dit moeilik gevind om al die kinders dop te hou.</li> <li>• B ... het dit moeilik gevind om al die kinders dop te hou.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3

7.17.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... het die jong meisie laat skrik.</li> <li>• A ... het die jong meisie laat skrik. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.18	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die skip het gedraai en 'n roeiboot het na hulle toe gekom.</li> <li>• Dou en Leune het mekaar so styf vasgehou dat dit moeilik was om hulle van mekaar los te kry.</li> <li>• Dou het gou sy bewussyn herwin, maar Leune het veel langer geneem.</li> <li>• Dou het met niemand oor die gebeurtenis gepraat nie.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
7.19.1	(Hy was) 'n predikant.	1	1
7.19.2	(By) 'n sendingfees	1	1
7.20	(Leune/Sy het) naaldwerk (gedoen).	1	1
7.21	skuldig	1	3
7.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• Liefde</li> <li>• A Liefde (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dou en Leune het hul verlede vir mekaar geheim gehou.</li> <li>• Elke karakter het 'n geheim gehad.</li> <li>• Leune het nooit vir Dou van haar eerste liefde vertel nie.</li> <li>• Dou het nooit vir Leune van sy reddingspoging vertel nie (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
7.24	<p>JA</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dou was Leune se man en sy moes dit eintlik vir hom vertel het.</li> <li>• Twee getroudes moet mekaar kan vertrou./Twee getroudes moenie dinge vir mekaar wegsteek nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p><b>OF</b></p> <p>NEE</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Leune se geheim was eintlik net 'n mooi herinnering uit haar kinderdae.</li> <li>• Met hierdie geheim het Leune nie haar man verkul nie.</li> <li>• As sy vertel het, kon sy hom dalk seergemaak het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
7.25	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy was onselfsugtig.</li> <li>• Hy het ander mense bo homself gestel.</li> <li>• Hy was dapper/vasberade. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5

7.26	<ul style="list-style-type: none"><li>• Hy het haar lewe daardeur gered.</li><li>• Leune het bly leef om later sy vrou te word.</li><li>• Hy sou skuldig gevoel het as hy dit nie gedoen het nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li></ul>	1	5
		[20]	

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**